Die Hoërskool Menlopark

## MENLO-TENNIS: RANGLYS EN DAAGREëLS

ʼn Ranglys van lede, gegrond op die uitslae van die Menlo-kampioenskap wat aan die einde van 2022 plaasgevind het, is op die whatsapp-groep gepubliseer. Ligaspanne sal in 2023 streng volgens hierdie ranglys gekies word.

### Daagwedstryde: vrydaag

Vir die tydperk tussen die kampioenskap en die liga (soos aangedui op die tenniskalender), verkry alle lede op die ranglys ʼn ***vrydaag*** wat hulle in staat stel om hul posisie op die ranglys te verbeter. ʼn Vrydaag gee aan ʼn speler ʼn geleentheid om ***enige*** ander speler op die ranglys te daag. Spelers wat nie op die ranglys verskyn nie verkry ook ʼn vrydaag. ʼn Vrydaag is ʼn daaggeleentheid wat ***slegs eenmalig in die eerste kwartaal*** uitgeoefen kan word. ***Die vrydaag verval op die laaste dag van die eerste kwartaal.***

### Daagwedstryde: vrydaag en gewone daag

| | |
|---|---|
| Eerste tien plekke op die ranglys | • Volgens enkelspelreëls: twee gewone valbylpotstelle en waar nodig ʼn beslissende tienpuntvalbylpot. |
| Posisies buite die eerste tien plekke op die ranglys | • Die wenner word deur middel van ʼn *pro set* bepaal. |

### Daagprosedure: vrydaag en gewone daag

- ʼn Speler wat ʼn ander speler wil daag, moet me. Coertzen op ʼn Maandag by die tenniskantoor daarvan inlig, waarna ʼn daag geregistreer sal word.
- Die speler wat daag moet ʼn gepaste tyd vir die daagwedstryd met die gedaagde speler reël.
- Die gedaagde speler moet drie moontlike én gepaste tye vir die daagwedstryd binne 24 uur aan die dager kommunikeer.
- ʼn Daagwedstryd moet binne een week na die daag geregistreer is, gespeel word. Dit beteken dat die daagwedstryd voor die volgende Maandag afgehandel moet wees omdat nuwe daagwedstryde op Maandae geregistreer word.
- Daagwedstryde mag slegs uitgestel word indien ʼn geldige mediese sertifikaat by me. Coertzen ingehandig word.
- Indien ʼn speler sonder goeie rede probeer om ʼn daagwedstryd te vermy, sal die dager die gedaagde se posisie neem.
- ***Vir ʼn gewone daag kan die dager slegs persone wat binne drie plekke bo hom of haar op die ranglys verskyn, daag.***
- Dit is die dager se verantwoordelikheid om nuwe balle vir die daagwedstryd te verskaf. Balle is by die tenniskantoor teen R150 te koop en kan afgehaal word sodra bewys van betaling getoon word.
- Betaling vir tennisballe vir daagwedstryde geskied in die skool se rekening met die volgende verwysing: T-balle (Leerderkode). Stuur bewys van betaling asseblief na elne.coertzen@menlopark.co.za.
- Indien dit gebeur dat twee Menlo-spelers tydens ʼn TSA-toernooi teen mekaar te staan kom, sal dit as ʼn daagwedstryd tel en die uitslag sal ʼn invloed op hul posisie op die skool se ranglys hê.
- Die uitslag van daagwedstryde moet skriftelik (per whatsapp) deur die dager aan me. Coertzen gekommunikeer word.